WENKE VIR KINDERS

NPO 067 095 / PBO 930 034 181

1

Moet nooit alleen iewers heen gaan nie. Maak altyd seker dat jy in 'n groep is, of saam met 'n volwassene wie jy en jou ouers persoonlik ken en vertrou.

2

Moet noot iewers heen gaan sonder om jou ouers te sê waar jy is nie. Maak seker jou ouers het die name en telefoonnommers van jou vriende saam met wie jy is. Laat jou ouers weet indien jou planne verander.

3

Moet nie na plekke gaan wat jy nie ken nie. Wanneer jy verdwaal in 'n winkelsentrum (of iewers anders) gaan dadelik na die sekuriteit en vra vir hulp. Moenie probeer om self jou ouers te soek nie - kry hulp!

4

Moet nie saam met mense gaan wie jy nie ken of vertrou nie.

5

Moet nie alleen na publieke toilette gaan nie. Vat altyd 'n vriend of een van jou ouers saam.

6

Moet nie lekkers, geld, geskenke of ENIGE IETS ANDERS van vreemdelinge vat nie. Moet nie in 'n vreemdeling se kar klim of enige plek saam met 'n vreemdeling gaan nie.

7

As iemand jou agtervolg of wil gryp... HARDLOOP! SKREE! MAAK GERAAS! Wees eerder oorversigtig as spyt.

8

Skryf jou naam aan die binnekant van jou klere of skoolsak, asook jou ouers se nommers. Nooit aan die buitekant waar vreemdelinge dit kan sien nie.

9

Moet nie alleen in die straat speel nie. 'n Vreemdeling kan net langs jou stop, jou gryp en wegry.

10

ONTHOU altyd die 'BUDDY' sisteem: Vat ALTYD 'n VRIEND (BUDDY) saam met jou, WAAR OOKAL jy gaan! Hou vas aan jou vriend! Op hierdie manier kan julle mekaar help as een in die moeilikheid beland – enige tyd enige plek!

MISSING CHILDREN SOUTH AFRICA©

www.missingchildren.org.za

NOODNOMMERS:

POLISIE: 10111
MISSING CHILDREN SA : 072 MISSING (072 647 7464)
SELFOON HULP: 112
SAPD "STOP MISDAAD": 08600 10111
CHILDLINE: 08000 55 555